# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Tweede Vraestel: Prosa en Poësie)**

HG **102-1/2**

***25 bladsye***

AFRIKAANS TWEEDE TAAL HG: Vraestel 2

102 1 2 HG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Prosa en Poësie)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **enige** TWEE van die volgende afdelings:

**AFDELING A : *Kringe in 'n bos* (Dalene Matthee)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**Vraag 1** bl. 3

**AFDELING B : Poësie**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**Vraag 2** Begrafnis van 'n ouma en Hansie en Grietjie bl. 10

**Vraag 3** Ek is oek important bl. 13

**Vraag 4** Sprokie vir 'n stadskind en "last grave at dimbaza" bl. 14

**AFDELING C : *Kinders van die aarde* (Charles Fryer)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**Vraag 5 – 6** bl. 16

**AFDELING D : *Gooi hom in die sloot* (Roelf van Rensburg)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**Vraag 7** bl. 21

## AFDELING A
### NOVELLE: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

### VRAAG 1

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE BLADSY.
- Gee SLEGS die antwoorde.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

### SAUL BARNARD BEGIN WONDER OOR DINGE IN DIE BOS

> En die bloubokkiekop gooi jy saam met die binnegoed weg, want sy gal sit in sy kop. ... vat hy die handbyltjie en kloof die koppie middeldeur ... Maar dit lyk nes enige ander bok se kop, hy kry nêrens 'n galsakkie nie! Hoe is dit dan moontlik? Dit was al of 'n onrus deur hom trek.

1.1 Waarom kap Saul die bloubokkie se kop oop? Gee TWEE feite. (2)

1.2 Watter gewaarwording roep dié ontdekking wat hy maak, by Saul op? (1)

1.3 Wat is 'n **grootvoet**? (1)

1.4 Watter bygeloof glo die houtkappers as jy dié verbode woord gebruik? (1)
**[5]**

**EN**

> Daar was 'n tamheid in sy pa. "Arend van Martiens Botha is gister by Diepwalle gebêre. Sy siel is nie meer op die aarde nie."
> "Ek het gehoor, Pa."
> "Is dit waar lat hy vir jou 'n vreemdeling moes help dra?"
> Hy het skielik besef dat hy as beskuldigde voor sy pa staan, en die verset in hom probeer keer.
> "Dit is so, Pa."

1.5 Wat besef Saul terwyl hy met sy pa praat? (1)

1.6 Waarvan beskuldig hulle hom? (1)
**[2]**

**EN**

> Op 'n dag het Saul vir oom Abraham Steyn ontmoet.

1.7 Watter soort werk het oom Abraham Steyn gedoen? (1)

1.8 Wat het Saul vir oom Abraham Steyn gevra? (1)

1.9 Hoe lank het Saul op Swellendam gebly? (1)
**[3]**

**EN**

| "Ons sal gaan dwarslêers werk, meneer," het sy pa mooigepraat. |
|---|

1.10 Van watter oomblik af was Saul nooit weer 'n kind nie? Vandat hy ______.

A. die bloubokkie se kop oopgekap het

B. gesien het hoe sy pa deur MacDonald verneder is

C. gesien het hoe die goudkopers gelewe het

D. begin hout kap het in sy pa se span (1)

1.11 Watter antwoord is NIE korrek NIE?

Volgens Saul is die bosmense ______.

A. dom

B. opreg

C. mededeelsaam

D. bang (1)

1.12 Wanneer, volgens Saul, is 'n mens net 'n mens? Noem TWEE feite. (2)

1.13 Saul het skielik sy goed gevat en van MacDonald af padgegee omdat ______.

A. Kate Kaap toe gestuur word

B. hy gehoor het dat Arend dood is

C. hy vir MacDonald met 'n kluit gegooi het

D. MacDonald Patterson se pan uit hom wou kry (1)

1.14 "All woodcutters are wild and dirty and so are their children."

Kate het dit vir Saul gesê toe ______.

A. haar pa haar gestraf het

B. Saul haar nie wou saamneem Bos toe nie

C. Saul haar vir die eerste keer gesien het

D. Saul haar gesien het nadat hy sy eerste goud verkoop het (1)

1.15 Tydens sy pa se begrafnis het Saul skuldig gevoel ______.

A. oor die verwydering tussen hom en sy mense

B. omdat hy altyd eiewys en annerste was

C. omdat hy nie so verflenterd soos sy familie was nie

D. omdat hy nie beter met Joram klaargekom het nie (1)

1.16 Na sy pa se begrafnis het Saul terug na Maska toe gegaan om ______.

A. vir oulaas met hom te gesels

B. van Maska te hoor hoe slim 'n olifant is

C. te praat oor sy en Jozef se slegte verhouding

D. vir Maska tot siens te sê (1)

1.17 Nadat hy met Maska gepraat het, het Maska iets baie belangriks besef. Watter band, besef hy, bestaan daar tussen Saul en Oupoot? (2)

**[10]**

**EN**

**DIE EINDE VAN 'N PAD**

> Hy hoor die skoot toe hy aan die bopunt van Streepbos deur die seweweeksevarings sukkel ...
>
> * * *
>
> "God, hulle het Oupoot geskiet!" Nie 'n voël se roep nie – nie woorde nie – nie 'n tak se kraak nie – niks."
>
> * * *
>
> Na 'n ruk begin 'n enkele loerie kok – kok – kok soos een wat tydsaam huil.

1.18 Noem TWEE mense wat om verskillende redes op Oupoot se spoor is. (2)

1.19 Met watter doel is Oupoot toe geskiet? (1)

1.20 Wie het vir Oupoot geskiet? (1)

1.21 Watter rol speel die verwysing van die loerie? (1)

1.22 Die dood van Oupoot het ook positiewe gevolge gehad. Noem TWEE. (2)

1.23 Waarop dui die volgende gewaarwording van Saul?

**"Dis die einde van 'n pad."** (2)

1.24 Wie, volgens Saul, is sy enigste vriend wat hy in die Bos agterlaat? (1)
**[10]**

**EN**

1.25 Toe Saul en Kate vir Oupoot kry terwyl hulle in die reën op pad na die waterval was, het Saul so geskree omdat hy ______.

A. gesien het dat Oupoot gewond was

B. bang was Oupoot sien hulle

C. bang was hulle sou verdwaal

D. nie die wit-els kon bereik nie (1)

1.26 Hoe oud was Saul toe hy op Swellendam aangekom het?

A. 26 jaar

B. 27 jaar

C. 28 jaar

D. 29 jaar (1)

1.27 Kate en Saul skryf nou gereeld aan mekaar. Kate leer die delwerskinders in die Bos en Saul woon in Miss Keyter se rietdakhuisie op die dorp. Wie het Saul onverwags kom besoek?

A. Miss Keyter

B. Jane Stewart

C. Kate MacDonald

D. Caroline MacDonald (1)

1.28 Na MacDonald se besoek het Saul nie net die nodigste gevat om met die eerste beste skip weg te gaan nie, want hy ______.

A. moes Kate eers weer sien

B. moes eers sy besittings weggee

C. wou eers nog 'n keer Bos toe gaan

D. wou MacDonald nie sy sin gee nie (1)

1.29 Watter antwoord is **NIE** korrek **NIE**? Maska moes by die delwers werk omdat ______.

A. Saul nog in die dorp is

B. Smith nie meer Jozef se hout wil koop nie

C. MacDonald nie meer Jozef se hout wil koop nie

D. Jozef hom weggejaag het omdat hy met Saul kontak het (1)

1.30 Watter antwoord is **NIE** korrek **NIE**? Saul het in Swellendam tuis gevoel, want hier ______.

A. het die mense hom geïgnoreer

B. het al die mense "kitchen Dutch" gepraat

C. kon hy vir 'n eerste keer in 'n kerk kom

D. was Engels nie meer die taal van die uitverkorenes nie (1)

1.31 Watter antwoord is **NIE** korrek **NIE**? Patterson ______.

A. was 'n bang man

B. was 'n ervare prospekteerder

C. het nie geglo dat daar rifgoud is nie

D. het die bosmense oorreed om goud te soek (1)

1.32 Joram Barnard is dood omdat 'n ______.

A. olifant hom getrap het

B. upright op hom geval het

C. wit-els op hom geval het

D. stinkhout op hom geval het (1)

1.33 Watter EEN van die onderstaande gerugte omtrent Saul het NIE die rondte gedoen nie?

A. Hy bêre sy goud in sy wegkruipplek.

B. Hy het die werklike rif ontdek en bewaak dit.

C. Hy kruip so weg dat niemand weet waar hy bly nie.

D. Hy woon op Diepwalle tussen die houtkappers. (1)

1.34 Watter antwoord is NIE korrek NIE?
Kate het Saul in die Bos agtervolg omdat sy ______.

A. wou weet waar en hoe hy woon

B. vir hom wou sê om van haar te vergeet

C. die Bos net een keer deur sy oë wou sien

D. hom so van haar liefde wou verseker (1)

1.35 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die ANTWOORD neer.

1.35.1 Saul wil Oupoot 'n breinskoot gee op ten minste **veertig tree** / **vyftig tree** / **honderd tree** . (1)

1.35.2 Oupoot het 'n oer-taktiek gebruik om vas te stel of hy agtervolg word deur vir **sy vyand 'n denkbeeldige streep te trek** / **in 'n sirkel te loop** / **sy vyand flou te loop**. (1)

1.35.3 In sy haas om weg te kom het Saul **Patterson se pan** / **Kate se skets van Oupoot** / **David Copperfield** onder die sakke in die houtskuur vergeet. (1)

1.35.4 Vir Saul sou die aankoop van **sinkplate** / **'n pik en 'n graaf** / **riffelferweel** / **'n kombers** die heel noodsaaklikste item wees wanneer hy sy eerste goud verkoop. (1)

1.35.5 By Rooielssloot kom Saul af op **die flenters van 'n man se baadjie** / **byle wat haastig neergegooi is** / **gewere wat in die onderbos laat lê is** nadat 'n olifant daar verwoesting gesaai het. (1)

**[15]**

1.36 Pas die beskrywing in **KOLOM B** by die woord in **KOLOM A**. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.36.1 weerbarstigheid | A. Waar hulle waenhout gekap het |
| 1.36.2 godsiekte | B. Die engels kom haal iemand |
| 1.36.3 siekte | C. Vertel almal in die Bos dat daar gevaar is |
| 1.36.4 die dood | D. Kwartdag word koffie hieruit gedrink |
| 1.36.5 Diepwalle | E. God laat die mense doodgaan |
| 1.36.6 verhewe | F. Oupoot rig baie skade aan in die Bos |
| 1.36.7 loeries | G. Jy staan so-te-sê in twee bome gelyk |
| 1.36.8 bogger | H. Die mooiste voëlsoort in die Bos |
| 1.36.9 veertien | I. Die plegtige grootsheid van die leier – olifant |
| 1.36.10 katotjie | J. Oupa en Ouma Steyn woon daar |
| | K. Saul wil self sien waar die bloubokkie se gal sit |
| | L. Masels, kinkhoes, waterpokke |
| | M. Iemand is nie wel nie |
| | N. Jy is nog nie 'n man nie |

(10)

1.37

> Hy moes twee keer dorp toe om kos te koop en nog ferweel. By Gouna het hy vir 'n pennie 'n beeshoring by 'n man gekoop. Hy was onrustig oor die ander delwers in die Bos.

1.37.1 Wat doen Saul hier in Meulbos? (1)

1.37.2 Wie het vir Saul geleer om 'n sluistrog te maak? (1)

1.38 " 'n beeshoring by 'n man gekoop."
Wat wou Saul hiermee maak? (1)

1.39 Wat is Joram se houding ten opsigte van die goud in die Bos? (1)

1.40 Hoe het MacDonald en Barkley dit reggekry om die houtkappers vir die gouddelwery bang te maak? (1)
**[5]**

**VANAF VRAAG 1.18 – 1.40 = 40÷2=[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING B
## POËSIE

- Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.
- Beantwoord elke GEDIG op 'n NUWE bladsy.
- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

### VRAAG 2
### *BEGRAFNIS VAN 'N OUMA* – Lina Spies

Vandag sal hulle jou weglê in die aarde,
die groen heuwelland van die Noord-Vrystaat,
boervrou met breë, betroubare hande:
die klein swart skaar familie,
die agterkleinkind met sy blom,
die dominee en die gepaste teks.

Ek was jou eerste naamgenoot, jy het my liefgehad,
maar kleinkinders is tydeliker as kinders,
ontgroei hul eie molligheid en oumenshande
wat lateraan deug net vir 'n transistor op die skoot
terwyl die oë straat af speur na die posman
met sy brief van 'n onvervreemde.

Jy kon nog lees, toe het ek ophou skryf,
jou "waarheidstories" was vergeet,
en in my onbetreurde afwesigheid,
geliefde vreemdeling, bêre hulle jou vandag.

Longontsteking het jou agterhaal
voor 'n oop venster,
jy wat die seerkry van die hoes
kleintyd uit my bors kon vryf.

Ek onthou die kalfie voor jou koolstoof
en ruik kamferolie op die winterlug.

**Uit: *Dagreis*, Human en Rousseau**

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.1 Wanneer word die ouma begrawe? (1)

2.2 Hoekom het die ouma baie van die kleinkind gehou? (1)

2.3 Wie is volgens strofe 2 'n **onvervreemde**? (1)

2.4 Waarom het die kleinkind skuldig gevoel? (1)

2.5 Lees die stelling sorgvuldig deur en verbeter die EEN fout.

Daar was **baie** familielede en vriende by die ouma se begrafnis. (1)

2.6 Waarom word "waarheidstories" met aanhalingstekens geskryf? (1)

2.7 Pas die woord / woorde in **KOLOM B** by die woord / karakters in **KOLOM A**. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.7.1 | voor die stoof | A. | afwesig by ouma se begrafnis |
| 2.7.2 | kleinkinders | B. | die kalfie |
| 2.7.3 | 'n transistor | C. | ouma s'n |
| 2.7.4 | kleinkind | D. | is tydeliker as kinders |

(4)

2.8 Waar het die vrou oor wie die gedig handel **eers** gewoon? (1)

2.9 Watter WOORD sê vir ons dat een van die ouma se kleinkinders al kinders gehad het? (1)

2.10 Is daar slegs EEN kleinkind wat die ouma se naam gekry het? (2)

2.11 Hoe weet ons dat die spreker 'n VROU is? Verduidelik in jou eie woorde. (1)
**[15]**

**EN**

**Hansie en Grietjie – Eveleen Castelyn**

daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp,
saans brand honderde kersies,
die volgende môre word die kindertjies
afgelaai by die heks se huisie
na-vyf, na-werk kom die
stiefmammies en – pappies hulle haal
met 'n ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
dan word hulle opgehys
gebad en gevoer in 'n hok
moet hulle soet gaan slaap
eennag het hansie en grietjie
weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjies sement
ver van die huis af.

**VRAE**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.12 Waarom word die bewaarskool / créche so negatief uitgebeeld? (1)

2.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Wat wil hierdie gediggie vir ons sê?

A. Sonder warmte en liefde beteken die lewe niks.
B. Die kinders wil graag bewaarskool toe gaan.
C. Hulle hou nie van die mooi motor nie.
D. Dis nie hulle eie ouers nie. (1)

2.14 Watter TWEE WOORDE sê vir ons dat die kinders nie met liefde behandel word nie? (2)

2.15 Wat word met die woord **kindertjies** gesuggereer? (2)

2.16 Watter TWEE WOORDE in die gedig kan dalk na 'n beperkte ruimte verwys (tronk)? (2)

2.17 Haal 'n gedeelte van 'n reël aan wat bewys dat Hansie en Grietjie probeer ontsnap het uit hulle beperkte ruimte. (1)

2.18 Daar is talle **tydsverwysings** in die gedig. Hiervolgens kan die gedig in VIER dele verdeel word. Noem die VIER dele. (4)

2.19 Watter WOORDE sê dat die ouers saans ook rus en vrede wil hê? (1)

2.20 Watter idioom in die gedig sê vir ons dat Hansie en Grietjie slagoffers van die moderne samelewing is? (1)
**[15]**

**VANAF VRAAG 2.1 – 2.20 = 30÷3=[10]**

**EN**

## VRAAG 3
## *EK IS OEK IMPORTANT* – Peter Snyders

As al julle geldgatte
    julle geld gespendit,
en julle bananaskille
    innie slootjie gegooi het,
en julle bustikkits
    soes confetti gestrooi het,
en julle staain en cool drinks
    opgedrink het,
en julle borrels en blikkies
    In 'n gangetjie gesit het,
en julle visgraatbolle
    en vrot vrugte
    en stukkene boksies
    en papiere
rondgegooi het ...

dan kom ek
en maakie wêreld weer skoon:
soe,
ek is oek important.

**Uit: *'n Ordinary mens***

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

3.1 Wie is hier aan die woord? (1)

3.2 Wie is die **julle** in die gedig? (1)

3.3 Noem TWEE soorte drankies wat hierdie mense gedrink het. (2)

3.4 Waar sit hierdie mense die bottels en blikkies neer? (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Die herhaling van **en julle** wys dat die spreker ______.

A. nie een van hulle is nie
B. die mense uithelp
C. bly is oor hoe die mense hulle gedra
D. die mense goed ken (1)

3.6 Haal die WOORD in die gedig aan wat wys dat die geldgatte hulle geld uitgegee het. Skryf slegs die KORREKTE woord neer. (1)

3.7 Waarmee word buskaartjies in die gedig vergelyk? Gee slegs EEN woord. (1)

3.8 Waarom dink die spreker is hy "oek important"? (1)
**[9]**

**EN**

**VRAAG 4**

**SPROKIE VIR 'N STADSKIND EN "LAST GRAVE AT DIMBAZA"**

| Sprokie vir 'n stadskind – Koos du Plessis | "Last grave at Dimbaza" – Fanie Olivier |
|---|---|
| As die reën van stof en roet verby is<br>en die rook verdwyn,<br>sal daar in die sterrelose hemel<br>'n neonboog verskyn.<br><br>En kyk maar goed, want as jy hom vind,<br>vertel ek vir jou 'n sprokie, my kind,<br>van 'n skatkis, met ou kettings gebind,<br>aan die neonboog se punt.<br><br>Volg hom elke nag oor swart riviere.<br>oor kranse van beton;<br>as jy aanhou stap, tienduisend ure,<br>sal jy dalk daar kom.<br><br>Maar hier moet jy jou nimmer laat bind,<br>want, so lui die ou-ou sprokie, my kind:<br>as jy geluk en vreugde wil vind,<br>soek die neonboog se punt. | beauty douglas was born<br>op 'n winternag so all forlorn<br>omring deur die sterre se liggies<br>en koerante kaal klip<br>en nuuskierige hande<br>en tien ander gesiggies<br>a 'n dogter oplaas 'n dogter<br>om beeste te kry om die wêreld<br>te wei a dis lekker<br>om 'n vader te is te is<br>die ma het 'n briefie geskryf<br>aan haar man op die myne<br>om te sê van die kind en te vra van die geld<br>want dit was sy kind die dogter<br>was syne om te sê: o my man<br>o my man ek het beeste gebaar.<br>op 'n wintersnag so all forlorn<br>met die sterre soos goud en die mielies klaar<br>beauty douglas your daughter was born<br><br>sy hart het oopgeskiet tussen lae klip<br>opgeskiet boontoe en oopgevou<br>in 'n laatnabrief: my vrou<br>my vrou sê aan beauty douglas<br>haar pa het haar lief. |

Volg hom elke nag oor swart riviere; –
kyk nie één maal om.
Dalk vind jy die land van blou saffiere ...
En dalk 'n brokkie son.

Uit: *Kinders van die Wind*

hy't sy brief gepos met sy viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

Uit: *Skimmellig*

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.1 Die digter beweer dat die reën wat in die stad val nie skoon is nie. Waardeur is hierdie reën besoedel? (1)

4.2 Wat sal in die stad lig gee as die besoedeling gaan lê? (1)

4.3 Watter groot verrassing wag daar vir die kind aan die einde van die lig? (1)

4.4 Waarom, dink jy, sal daar 'n neonboog in die lug verskyn en nie 'n reënboog nie? Gee TWEE feite. (2)

4.5 Wat is onnatuurlik aan die kranse? (1)

4.6 Sê of die volgende stelling WAAR / ONWAAR is. Sê ook hoekom jy so sê.
Die kind hoef nie lank te soek na die neonboog nie. (2)

4.7 Dui aan waarna die volgende verwys.

4.7.1 DAAR in strofe <u>drie</u>.

4.7.2 HIER in strofe <u>vier</u>. (1)

4.8 Wat sal ons aan die einde van die neonboog kan vind?
Noem DRIE dinge. (3)
**[12]**

4.9 Wanneer is beauty douglas volgens die gedig gebore? (1)

4.10 Wie se hande is die nuuskierige hande? (1)

4.11 Haal 'n WOORD in die gedig aan wat wys dat hulle lank vir 'n dogter gewag het. (1)

4.12 Hoe het die vader en die moeder gekommunikeer? (1)

4.13 Gee TWEE redes hoekom beauty se ma die brief aan haar pa geskryf het. (2)

4.14 Wat sê beauty douglas se pa in sy brief? (1)

4.15 Wat doen beauty se pa saans om sy moegheid weg te kry? (1)

4.16 Wat is die inhoud van beauty se ma se tweede brief? (1)
**[9]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING C
## KORTVERHALE

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.
- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

### VRAAG 5
### 'N MAN KOM TUIS

| Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en dat. Hy gesels die reën skoon weg. |
|---|

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

5.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Gewoonlik is die verteller doodgelukkig alleen op 'n lang rit want ______.

A. die verteller slaap die hele pad
B. die veërs teen die windskerm raas vir die verteller
C. die bande op die nat teer raak eentonig
D. die verteller sorteer dinge rustig uit (1)

5.2 DRIE van die antwoorde voltooi die sin KORREK. Watter antwoord is NIE korrek NIE? Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Die verteller het vir Gouws genooi om saam te ry en Gouws ______.

A. het baie kordaat langs die bestuurder gesit
B. het die hele pad land en sand gepraat
C. het net een keer getrou
D. het van sy lewe as 'n padmaker vertel (1)

5.3 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die nomadiese lewe pla Gouws nie. (2)

5.4 Wat het met Gouws se eerste vrou gebeur? (1)

5.5 Hoekom het Gouws begin stiller raak? (1)

5.6 Waarom wou Gouws nie by sy huis afgelaai word nie? (1)

5.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Die verteller wou Gouws by sy huis gaan aflaai want ______.

A. Gouws het baie los pakkies gehad
B. Gouws woon ses blokke van die hoofstraat af
C. die verteller het nie alles vertrou nie
D. die verteller voel jammer vir hom (1)

5.8 Hoe lank neem dit vir Gouws-hulle om 'n lekker pad te maak? (1)

5.9 Wie het vir Gouws eerste gewaar? (1)

5.10 Hoe het die bestuurder Gouws se huis herken? Noem TWEE dinge. (2)

5.11 Noem TWEE soorte eetgoed wat Gouws vir sy gesin saamgeneem het. (2)

5.12 Voltooi:
Gouws ry ___________ kilometers heen en weer om by sy familie in Wilgerspruit te kom. (1)
**[15]**

**EN**

## ALGEMENE VRAAG

Wat weet ons van die volgende kortverhale ten opsigte van die volgende feite? Kyk na die kolomme en vul die korrekte antwoord in. Gee slegs die NOMMER en die ANTWOORD.

| KOLOM A | ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK | DIE WEDLOOP |
|---|---|---|
| 5.13 Hoofkarakter(s) | 5.13.1 | 5.13.2<br>5.13.3 |
| 5.14 Sportsoort | 5.14.1 | 5.14.2 |
| 5.15 Uitslag van die sportsoort | 5.15.1 | 5.15.2 |
| 5.16 Waar speel die verhale af? | 5.16.1<br>5.16.2 | 5.16.3<br>5.16.4 |

(11)

5.17 In die kortverhaal **Storm op die berg** word drie karakters bespreek.

5.17.1 Gee EEN goeie eienskap van Jaco wat maak dat Christien se ouers hom vertrou. (1)

5.17.2 Watter sportsoort beoefen die drie karakters? (1)

5.17.3 Waarheen wil Christien na matriek gaan? (1)

5.17.4 Watter een van die twee mans het uiteindelik Christien se liefde gewen? (1)

5.17.5 Hoe kan jy bewys watter een het Christien se liefde gewen? (1)

5.18 In die kortverhaal **My broer se kraai** lees ons van die kraai se ongelukkigheid in die hok.

5.18.1 Hoe weet ons dat die kraai die duiwel in was vir die verteller se broer? (1)

5.18.2 Noem TWEE bewyse dat die verteller se broer baie vir die kraai omgegee het. (2)

5.18.3 Vir wie het die broer raad gaan vra oor sy kraai? (1)

5.18.4 Watter raad het hierdie persoon aan die broer gegee? Noem TWEE feite. (2)

5.19 In **Die ooreenkoms** word die leser bekendgestel aan Willem en Jakob.

5.19.1 Waar het Willem en Jakob mekaar die eerste keer ontmoet? (1)

5.19.2 Hoe oud was hierdie twee inwoners? (1)

5.19.3 Hoekom het hulle 'n ooreenkoms met mekaar aangegaan? (1)
**[25]**

**VANAF VRAAG 5.1 – 5.19.3 = 40÷2=[20]**

**EN**

## VRAAG 6
## ALGEMENE VRAAG

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

Pas die karaktereienskappe of tipiese dialoog van **KOLOM B** aan by die karakter in **KOLOM A**.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Sarah | A. | "Drôp jou ditsemsedatsemse drôp sê ek vir jou" |
| 6.2 | Mart | B. | Hy ruk die Blue Shark uit my hand. Die gemoedelikheid is weg en die vyandigheid is terug. |
| 6.3 | Die hoteleienaar | C. | Hy het dadelik Sanddrif toe gebel en Christien se ouers gepols. |
| 6.4 | Vis | D. | Het baie van Gouws se positiewe houding gehou. |
| 6.5 | Die kraai | E. | Sy is Jakob se eerste vrou. |
| 6.6 | Tonie | F. | As jy dood is, is jy dood. Jy is niks en niks is niks en niks is een groot stilte. |
| 6.7 | Die verteller van **'n Man kom tuis**. | G. | Sy het koekies aangedra |
| 6.8 | Jakob | H. | Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en dat. |
| 6.9 | Gouws | I. | Sy een vlerk het in die storm seergekry en hy was honger en half verkluim en kon glad nie vlieg nie. |
| 6.10 | Rooikoos Willemse | J. | 'n Snaakse man was hy. G'n mens kon met hom redeneer nie. |

(10)

6.11 DRIE van die antwoorde is KORREK. Watter antwoord is NIE korrek NIE? Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

Hoekom wou die familie van die broer hê dat hy die kraai moes laat gaan?
Die kraai ______.

A. het baie vleis geëet
B. het die hok gepik
C. was gelukkig in die hok
D. het homself seergemaak in die hok (1)

6.12 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Rooikoos Willemse lyk vir homself baie ongewoon toe hy in die spieël kyk. (2)

6.13 Hoekom kon Salmon nie aan die atletiekbyeenkoms by Noordburg deelneem nie? (1)

6.14 Wat smeer die verteller se broer in ***My broer se kraai*** aan die stukkende plekke van die kraai? (1)

6.15 Gee die naam van die hings wat elke oggend die brood in die kombuis kom vra het. (1)

6.16 Waar slaap Gouws by die werk? (1)

6.17 Voltooi:

Dis harde werk om paaie te maak, dis heeldag in die warm 6.17.1 ______, dis 6.17.2 ______ en 6.17.3 ______. (3)

**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D

### NOVELLE

### *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg

### VRAAG 7

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n nuwe bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORDE.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

### WESSEL LATEGAN EN PHILIP UYS

**VRAE**:

- Gee SLEGS die ANTWOORDE.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

Wat weet ons van mnr. Lategan en mnr. Uys ten opsigte van die volgende feite? Lees die stelling in **KOLOM A** en beantwoord dan **KOLOM B** en **KOLOM C**. Gee slegs die NOMMER en die KORREKTE ANTWOORD.

| KOLOM A | KOLOM B | KOLOM C |
|---|---|---|
| | **Mnr. Lategan** | **Mnr. Uys** |
| 7.1 Posisie in Kroondal Hoërskool | 7.1.1 | 7.1.2 |
| 7.2 vrou (name) | 7.2.1 | 7.2.2 |
| 7.3 bevorderingsmoontlikhede | 7.3.1 | 7.3.2 |

(6)

7.4 Is die volgende stellings WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

7.4.1 Philip Uys het dertien jaar gelede by Kroondal gematrikuleer en is nou die hoof. (2)

7.4.2 Philip Uys het as jong seun armoede geken. (2)

7.5 Lees die volgende sinne deur. Al die feite in die sinne is VERKEERD. Skryf nou slegs die NOMMER neer en verstrek dan die **korrekte** feit by elke sin onderskeidelik.

7.5.1 Mnr. Uys se pa het 'n goeie voorbeeld vir hom gestel.

7.5.2 Philip het elke vakansie vir Paul Gunther gewerk.

7.5.3 Philip het die geld wat Gunther vir hom gegee het, gevat.

7.5.4 Philip en Daan Claasen is familie van mekaar.

7.5.5 Philip Uys se vrou weier om na Doringspruit te trek.

7.5.6 Wessel het vir Casper gevang toe hy afgeskryf het.

7.5.7 Wessel is die vise-hoof van Kroondal Hoërskool.

7.5.8 Wessel en Madeline Mostert se pa het woorde in sy huis gehad.

7.5.9 Wessel is ouer as mnr. Uys.

7.5.10 Mnr. Lategan het 'n maagsweer. (10)

**[20]**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

7.6 Lees die volgende stellings oor die onderskeie KARAKTERS sorgvuldig deur. Kies die VERKEERDE antwoord. Gee slegs die NOMMER en die LETTER.

7.6.1 **PHILIP UYS**

A. Hy het op 'n steenkooldorpie grootgeword.
B. Hy het dikwels met ander seuns baklei.
C. Sy pa het 'n goeie voorbeeld vir hom gestel.
D. Sy pa was 'n smid en 'n myner. (1)

7.6.2 **PAUL GUNTHER**

A. Eienaar van 'n kafee.
B. Paul was nie vyandig teenoor Philip Uys nie.
C. Philip het slegs een dag by Paul Gunther gewerk.
D. Gunther het Philip se geld op die vloer gegooi. (1)

7.6.3 **SELMA**

A. Sy glo Casper is onskuldig.
B. Vriendin van Casper
C. Sy is saam met Braam gevang vir dagga.
D. Sy ondersteun Casper in alles. (1)

7.6.4 **TOM HEFER**

A. Sy vriendin is Rita Meyer.
B. Sy vriendin is Flori Mynhardt.
C. Hy is 'n masjinis.
D. Na sy vrou se dood het hy vir 'n paar maande nie gaan werk nie. (1)

7.6.5 **MONICA LATEGAN**

A. Sy dink haar man doen al die vuil werk by die skool.
B. Sy is kwaad vir haar man, omdat die Swanepoels sou kom kuier het, maar nou gaan hy weer skool toe.
C. Haar man sal eerder 'n afspraak met die hoof kanselleer voor hy vir vriende nee sal sê.
D. Nic Swanepoel is 'n ou universiteitsmaat van haar man. (1)

7.6.6 **BRAAM WELTHAGEN**

A. Hy is in graad 11.
B. Hy is 'n krieketspeler.
C. Hy is 'n daggaroker.
D. Sy pa is 'n bekende sielkundige. (1)

7.6.7 **BERTHA UYS**

A. Sy wil nie saam met haar man na 'n ander dorp trek nie.
B. Hulle sosiale lewe is te belangrik vir haar om nou te trek.
C. Sy sê sy is 'n stadsmens.
D. Haar ouers was ook baie arm. (1)

7.6.8 **SERSANT HAMMAN**

A. Hy het 'n seun in Kroondal Hoërskool.
B. 'n Groot jongman met breë skouers
C. Mnr. Uys het hom weggejaag die eerste keer toe hulle ontmoet het.
D. Hy ondersoek die daggasaak. (1)

7.6.9 **MADELINE MOSTERT**

A. Haar ouers is nie geskei nie.
B. Hulle bly in 'n woonstel.
C. Haar ma is 'n modeontwerpster.
D. Haar vriend is mnr. Uys se seun. (1)

7.6.10 **DAGGAROKERS**

A. Braam
B. Louis
C. Hennie
D. Ben (1)

**EN**

7.7 Hoe oud was Philip Uys toe hy vir Paul Gunther gaan werk het? (1)

7.8 Om watter rede wou Philip Uys gaan werk het? Gee EEN feit. (1)

7.9 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê. Selma verwyt Casper oor die diefstal. (2)

7.10 "Ja – nee, ons twee is vandag die swartskape." Wie sou die twee swartskape in die aanhaling hierbo wees? (2)

7.11 Lees die aanhalings deur en sê wie se woorde is dit. Gee slegs die NOMMER en die ANTWOORD.

7.11.1 "Ek is al gewoond daaraan dat jy gereeld sy donkiewerk vir hom doen, maar gun die man jou nie eers meer jou middagete in vrede nie." (1)

7.11.2 "Ek wil my geld hê, meneer Gunther." (1)

7.11.3 "Dis my eie skuld dat Casper byna 'n lid van die daggaklub geword het." (1)

7.11.4 "Jy het my gister dopgehou. Jy is … 'n spioen!" (1)

**VANAF VRAAG 7.6 – 7.11.4 = 20÷2=[10]**

**BESOEKE AAN DIE HOOF SE KANTOOR**

7.12 Casper het mnr. Uys se kantoor **twee** keer besoek.

7.12.1 Hoekom het hy die hoof die eerste keer gesien? (1)

7.12.2 Wie het Casper na die hoof geneem? (1)

7.12.3 Watter ander onderwyser was ook teenwoordig in die kantoor? (1)

7.12.4 Hoekom het Casper die hoof se kantoor 'n tweede keer besoek? (1)

7.12.5 Wie was hierdie keer saam met hom in die kantoor? (1)

7.12.6 Wie het die twee seuns na die kantoor gebring? (1)

7.13 Louis Uys het ook sy pa op 'n keer in die kantoor besoek.

7.13.1 Hoekom was Louis in sy pa se kantoor? (1)

7.13.2 Watter ander seun was ook in die kantoor? (1)

7.14 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Louis was baie sterker as sy teenstaander, daarom het hy die geveg gewen. (2)

7.15 Sersant Hamman het mnr. Uys in sy kantoor gesien.

7.15.1 Hoekom het sersant Hamman vir mnr. Uys in sy kantoor besoek? (1)

7.15.2 Wat was mnr. Uys se reaksie teenoor sersant Hamman? (1)

7.16 "Die feit dat Philip Uys die vyf leerlinge en hul ouers versoek het om na skool na sy kantoor toe te kom ..."

7.16.1 Hoekom het mnr. Uys die ouers en leerlinge na sy kantoor laat kom? (1)

7.16.2 "Hy verdien eerder 'n medalje vir sy korrekte optrede," sê mnr. Uys.
Van watter "korrekte optrede" word hier gepraat in verband met Casper? (1)

7.16.3 Watter ander onderwyser staan mnr. Uys by in sy kantoor? (1)

7.16.4 Watter ander twee ouers besoek mnr. Uys se kantoor na Tom Hefer? (2)

7.16.5 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.
Al vyf leerlinge, betrokke by die daggasaak, is terug by Kroondal. (2)

7.17 "Hy verdien eerder 'n medalje ..."
Waarvoor het Casper toe later 'n "medalje" gekry? (1)

**VANAF VRAAG 7.12.1 – 7.17 = 20÷2=[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**